

BUITENGEWONE  
**OFFISIELLE KOERANT**

VAN SUIDWES-AFRIKA.

**OFFICIAL GAZETTE**

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.



UITGawe OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Saterdag, 1 April 1967

WINDHOEK

Saturday, 1 April, 1967

No. 2780

**INHOUD**

**CONTENTS**

*Bladsy/Page*

**PROKLAMASIE:**

No. 26 Ordonnansie op die Bevoegdhede van die Kleurling-ontwikkelingskorporasie in die Gebied 1966: Datum van Inwerkingtreding . . . . .

**PROCLAMATION:**

Coloured Development Corporation Powers in the Territory Ordinance, 1966: Date of Commencement 451

**GOEWERMЕНTSKENNISGEWING:**

No. 52 Ordonnansie op die Bevoegdhede van die Kleurling-ontwikkelingskorporasie in die Gebied 1966: Regulasies . . . . .

**GOVERNMENT NOTICE:**

Coloured Development Corporation Powers in the Territory Ordinance, 1966: Regulations . . . . . 451

**PROKLAMASIE**

DEUR SY EDELE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 26 van 1967.]

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE ORDONNANSIE OP DIE BEVOEGDHEDE VAN DIE KLEURLING-ONTWIKKELINGSKORPORASIE IN DIE GEBIED 1966 (ORDONNANSIE 28 VAN 1966).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 8 van die Ordonnansie op die Bevoegdhede van die Kleurling-ontwikkelingskorporasie in die Gebied 1966 (Ordonnansie 28 van 1966), verklaar ek hierby dat genoemde Ordonnansie op die eerste dag van April 1967 in werking tree.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 22ste dag van Maart 1967.

W. C. DU PLESSIS,  
*Administrator.*

**PROCLAMATION**

BY THE HONOURABLE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 26 of 1967.]

DATE OF COMMENCEMENT OF THE COLOURED DEVELOPMENT CORPORATION POWERS IN THE TERRITORY ORDINANCE, 1966 (ORDINANCE 28 OF 1966).

Under and by virtue of the powers in me vested by section 8 of the Coloured Development Corporation Powers in the Territory Ordinance, 1966 (Ordinance 28 of 1966), I do hereby declare that the said Ordinance shall come into operation on the first day of April, 1967.

Given under my hand and seal in Windhoek this 22nd day of March 1967.

W. C. DU PLESSIS,  
*Administrator*

**Goewermentskennisgewing.**

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 52.] [1 April 1967.  
REGULASIES OOREENKOMSTIG ARTIKEL 6 VAN DIE ORDONNANSIE OP DIE BEVOEGDHEDE VAN DIE KLEURLING-ONTWIKKELINGSKORPORASIE IN DIE GEBIED 1966 (ORDONNANSIE 28 VAN 1966).

Dit behaag die Administrateur om ooreenkomstig die bevoegdheid hom verleen by artikel 6 van die Ordonnansie op die Bevoegdhede van die Kleurling-ontwikkelingskorporasie in die Gebied 1966 (Ordonnansie 28 van 1966) die volgende regulasies uit te vaardig.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 52.] [1 April 1967.  
REGULATIONS IN TERMS OF SECTION 6 OF THE COLOURED DEVELOPMENT CORPORATION POWERS IN THE TERRITORY ORDINANCE 1966 (ORDINANCE 28 OF 1966).

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 6 of the Coloured Development Corporation Powers in the Territory Ordinance, 1966 (Ordinance 28 of 1966) to make the following regulations.

**REGULASIES.**  
**WOORDBEPALING.**

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het elke uitdrukking waaraan in die Ordonnansie op die Bevoegdhede van die Kleurling-ontwikkelingskorporasie in die Gebied 1966 (Ordonnansie 28 van 1966), 'n betekenis toegeskryf is, die betekenis aldus daaraan toegeskryf, en beteken —

, „die ordonnansie“ die Ordonnansie op die Bevoegdhede van die Kleurling-ontwikkelingskorporasie in die Gebied 1966 (Ordonnansie 28 van 1966);  
„direkteur“ iemand wat as sodanig kragtens artikel 9 van die Wet op die Kleurling-ontwikkelingskorporasie 1962 (Wet 4 van 1962) aangestel is;  
„besturende direkteur“ en „hoofbestuurder“ enige persoon as sodanig aangestel ingevolge artikel 13 van die hoofwet;  
„voorsitter“ enige persoon as sodanig aangewys ingevolge artikel 9 (2) van die hoofwet.  
„raad“ 'n raad van direkteure soos voormeld in artikel 9 (1) van Wet 4 van 1962 (R.S.A.).

**HOOFKANTOOR.**

2. Hoewel die hoofkantoor van die Korporasie te Kaapstad in die Provincie Kaap die Goeie Hoop geleë is, kan hy indien hy dit nodig ag, van tyd tot tyd in Windhoek, Suidwes-Afrika, vergader ten einde aansoeke van Kleurlinge in die Gebied te oorweeg. Die Korporasie se koste wat administratiewe koste in Windhoek sowel as by die Hoofkantoor te Kaapstad insluit word gedek uit die fondse wat die Wetgewende Vergadering ingevolge artikel 4 van die ordonnansie aan die Korporasie beskikbaar stel.

**BOEKJAAR.**

3. Die boekjaar van die korporasie ten opsigte van geldelike bewilliging ingevolge artikel 4 van die ordonnansie eindig op 30 September van elke jaar.

**AANGELEENTHEDE VOORGELÉ TE WORD AAN DIE ADMINISTRATEUR VIR BESLISSING.**

4. So gou doenlik na die raad daartoe ooreengekom het, lê hy aan die Administrateur vir sy beslissing voor enige aanbevelings van die raad insake —

- (a) oprigting en voortsetting deur die Korporasie van nywerheid-, sake- en finansiële ondernemings in die Gebied;
- (b) vermeerdering van die fondse ten opsigte van die Korporasie se aktiwiteite in die Gebied;
- (c) betaling van rente, indien enige, op die fondse verkry van die Administrasie van Suidwes-Afrika.

5. So gou doenlik na die raad daartoe ooreengekom het, lê hy aan die Administrateur vir sy beslissing enige aanbeveling van die raad voor insake —

- (a) verkryging deur die Korporasie van nywerheids-, sake- en finansiële ondernemings van persone in die Gebied wat nie Kleurlinge is nie;
- (b) belegging van fondse of geld deur die Administrasie bewillig wat nie onmiddellik vir die verrigting van die Korporasie se werksaamhede in die Gebied benodig word nie op 'n ander wyse as by die Staats-skuldkommissaris;
- (c) uitbreiding van leningsbevoegdheid van die Korporasie ingevolge artikel 8 van die hoofwet ten opsigte van die bedrag ingevolge artikel 4 van die ordonnansie toegeken, indien dit die Administrateur behaag om sodanige beperking ten opsigte van genoemde bedrag op te lê.

- (d) die bydrae van die Administrasie ten opsigte van die besoldiging van die persoon, deur die Minister kragtens artikel 20 (2) van die hoofwet benoem, vir die ouditeer van rekenings van die Korporasie.

**PROSEDURE WAT DEUR DIE RAAD GEVOLG MOET WORD T.O.V. KLEURLINGE IN DIE GEBIED.**

6. Die aanbevelings van die raad oor aangeleenthede waaroor beslissing van die Administrateur verkry moet

**REGULATIONS.**  
**DEFINITIONS.**

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, every expression to which the Coloured Development Corporation Powers in the Territory Ordinance, 1966 (Ordinance 28 of 1966) has assigned a meaning shall have the meaning thus assigned to it, and —

“the ordinance” means the Coloured Development Corporation Powers in the Territory Ordinance, 1966 (Ordinance 28 of 1966);

“director” means a person appointed as such under section 9 of the Coloured Development Corporation Act, 1962 (Act 4 of 1962);

“managing director” and “general manager” mean any person appointed as such under section 13 of the principal act;

“chairman” means any person designated as such under section 9 (2) of the principal Act.

“board” a board of directors as prescribed in section 9 (1) of Act 4 of 1962 (R.S.A.)

**HEAD OFFICE.**

2. Although the head office of the Corporation is situated in Cape Town in the province of the Cape of Good Hope it may, if it deems it necessary, from time to time meet in Windhoek, South West Africa, in order to consider applications from Coloureds in the Territory. The Corporation's expenses which shall include administrative costs in Windhoek as well as those at the head office in Cape Town shall be defrayed from funds made available to the Corporation by the Legislative Assembly under section 4 of the ordinance.

**FINANCIAL YEAR.**

3. The Corporation's financial year in respect of funds voted under section 4 of the ordinance shall close on 30 September of every year.

**MATTERS TO BE SUBMITTED TO THE ADMINISTRATOR FOR DECISION.**

4. As soon as may be after the board has agreed to it, the board shall submit to the Administrator for his decision any recommendations of the board relating to —

- (a) the establishment and carrying on by the Corporation of industrial, business and financial undertakings in the Territory;
- (b) any increase in the funds in respect of the Corporation's activities in the Territory;
- (c) the payment of interest, if any, on the funds acquired from the Administration of South West Africa.

5. As soon as may be after the board has agreed to it, the board shall submit to the Administrator for his decision any recommendation of the board in relation to —

- (a) the acquisition by the Corporation of industrial, business and financial undertakings from persons in the Territory who are not Coloureds;
- (b) the investment of funds or money made available by the Administration not immediately required for the execution of the Corporation's activities in the Territory in another manner than with the Public Debt Commissioner;
- (c) extension of loan powers of the Corporation under section 8 of the principal act in respect of the amount made available under section 4 of the ordinance if it pleases the Administrator to impose such limitation in respect of the said amount;
- (d) the Administration's contribution in respect of the remuneration of the person appointed by the Minister under section 20 (2) of the principal act for the auditing of the accounts of the Corporation.

**PROCEDURE TO BE FOLLOWED BY BOARD IN RESPECT OF COLOURED IN THE TERRITORY.**

6. The recommendations of the Board on matters in respect of which the Administrator's decision is required

word, word skriftelik aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika gerig vir voorlegging aan die Administrateur.

#### REIS- EN VERBLYFKOSTE TEN OPSIGTE VAN DIREKTEURE.

7. (1) 'n Direkteur kan, ingeval van noodsaaklike afwesigheid van sy woonplek ten einde 'n vergadering van die raad in S.W.A. by te woon, of andersins, 'n direkteur van Suidwes-Afrika, indien hy 'n vergadering in Kaapstad of elders in die Republiek moet bywoon, sy verblifkoste vergoed word teen R10 per dag en sy reiskoste soos volg:

- (i) Werklike onkostes indien van openbare vervoer gebruik gemaak word; en
- (ii) ingeval private vervoer gebruik word, 'n vergoeding van 10c per myl vir motors met volume bo 1600 ks, 9c per myl vir motors met volume tussen 1201 en 1600 ks en 8c per myl vir motors met volume tot en met 1200 ks.

#### KWORUM EN PROSEDURE OP VERGADERINGS VAN DIE RAAD.

8. (1) Die kworum vir 'n vergadering van die raad is die meerderheid van die ledetal van die direkteure, of, waar die direkteure 'n gelyke getal uitmaak, 'n helfte van daardie ledetal.

(2) Die voorsitter van die raad presideer op alle vergaderings van die raad waarop hy aanwesig is. Indien die voorsitter nie binne tien minute na die tyd wat vir die hou van die vergadering bepaal is, aanwesig is nie, kan die aanwesige direkteure een uit hul midde tot voorsitter van die vergadering kies.

(3) Alle besluite op vergaderings word met 'n meerderheid van stemme geneem. Ingeval van 'n staking van stemme het die voorsitter by daardie vergadering 'n beslissende stem benewens sy beraadslagende stem as direkteur in die raad.

#### VERGADERINGS VAN DIE RAAD.

9. (1) Die raad bepaal self die tyd en plek waar hy vergader en kan vergader vir die verrigting van besigheid, sy vergaderings verdaag en andersins reëls soos hy dit goedvind. Die voorsitter van die raad, of in sy afwesigheid, 'n direkteur, kan te eniger tyd, en die besturende direkteur of hoofbestuurder moet op versoek van die voorsitter of in sy afwesigheid, 'n direkteur, 'n vergadering van die raad belê.

(2) Behalwe in die geval van dringende vergaderings word gewone vergaderings van die raad met minstens tien dae kennisgewing belê.

#### BEVOEGDHEDEN EN PLIGTE VAN DIREKTEURE.

10 (1). 'n Vergadering van die raad, waarop 'n kworum aanwesig is, is bevoegd om alle of enige van die bevoegdhede, magte en diskresies kragtens die ordonnansie of die regulasies van die Korporasie wat vir die oomblik aan die Korporasie verleen word of deur hom uitoefenbaar is, uit te oefen.

(2) 'n Skriftelike besluit wat deur alle direkteure met inbegrip van plaasvervangende direkteure onderteken is, is ewe geldig en van krag asanneer dit op 'n vergadering van direkteure, behoorlik belê en gekonstitueer, aangeneem is.

(3) Die raad kan van tyd tot tyd aan sy amptenare sodanige take en pligte opdra soos hy wenslik en nodig ag in die uitoefening van die werkzaamhede van die raad.

(4) Die raad kan na goeddunke 'n komitee van een of meer direkteure van die Korporasie benoem om sodanige pligte soos die raad wenslik oordeel, namens die Korporasie uit te voer, 'n aldus gevormde komitee moet hom by die uitoefening van die aldus opgedrae pligte hou aan die reëls wat die raad hom voorskryf. Die komitee moet sy handelinge en verrigtinge aanteken op dieselfde wyse as wat van die raad deur hierdie regulasies vereis word.

shall be addressed in writing to the Secretary for South West Africa for submission to the Administrator.

#### TRAVEL AND SUBSISTENCE COSTS IN RESPECT OF DIRECTORS.

7. (1) A director, in the event of his necessary absence from his place of residence in order to attend a meeting of the Board in South West Africa, or otherwise, a director of South West Africa if he has to attend a meeting in Cape Town or elsewhere in the Republic, may have his subsistence costs compensated for at the rate of R10 a day and his travel costs as follows —

- (i) actual expenses where public transport is used; and
- (ii) where private transport is used, compensation at the rate of 10c a mile for motor cars with a capacity of more than 1600 c.c.; 9c a mile for motor cars with a capacity between 1201 and 1600 c.c.; and 8c a mile for motor cars with a capacity up to and including 1200 c.c.

#### QUORUM AND PROCEDURE AT MEETINGS OF THE BOARD.

8. (1) The quorum required for a meeting of the Board is the majority of the membership of the directors or, where the directors comprise an even number, half of that membership.

(2) The chairman of the board shall preside at all meetings of the board at which he is present. If the chairman is not present within ten minutes of the time appointed for holding the meeting, the directors present may elect one of their number to be chairman of the meeting.

(3) All resolutions at meetings shall be passed by a majority of votes. In the case of an equality of votes the chairman shall have a casting vote at that meeting in addition to his deliberative vote as a director of the board.

#### MEETINGS OF THE BOARD.

9. (1) The board itself shall appoint the time and venue for its meetings and may meet for the despatch of business, adjourn and otherwise regulate its meetings as it deems fit. The chairman of the board or, in his absence, a director, may at any time, and the managing director or general managers shall, at the request of the chairman, or, in his absence, a director, convene a meeting of the board.

(2) Except in the event of urgent meetings ordinary meetings of the board shall be convened on at least ten days notice.

#### POWERS AND DUTIES OF DIRECTORS.

10 (1). A meeting of the board at which a quorum is present shall be competent to exercise all or any of the powers, authorities and discretions under the ordinance or the regulations of the Corporation which for the time being are vested in the Corporation or are exercisable by it.

(2) A resolution in writing signed by all directors including alternate directors shall be of the same force and effect as when adopted at a properly convened and constituted meeting of directors.

(3) The board may from time to time assign to its officials such tasks and duties as it may deem desirable and necessary in the discharge of the activities of the board.

(4) The board may appoint at its discretion a committee of one or more directors of the Corporation to perform such duties, as the board may deem desirable, on behalf of the Corporation; a committee thus constituted shall in the exercise of the duties thus delegated adhere to the rules which the board may prescribe. The committee shall record its acts and proceedings in the same manner as is required of the board by these regulations.

## HOU VAN REGISTERS, NOTULE EN REKENING-BOEKE.

11. (1) Die Korporasie moet in sy hoofkantoor 'n register van direkteure hou waarin aangeteken moet word die datum van aanstelling van elke direkteur, sy volle naam, sy gewone woon- en besigheidsadres en sy beroep. Wanneer ook al 'n direkteur ophou om 'n direkteur van die Korporasie te wees, moet die datum waarop hy aldus ophou om direkteur te wees so gou moontlik daarna in die betrokke register aangeteken word.

(2) Elke direkteur aanwesig op enige vergadering van direkteure moet sy naam in 'n boek wat vir die doel gehou word, teken.

(3) Die raad moet skriftelik aantekeninge laat hou in die daarvoor bestemde boeke —

- (a) van die name van direkteure wat op elke vergadering van direkteure en van elke komitee van direkteure aanwesig is;
- (b) van alle aanstellings van amptenare en werknemers deur die raad;
- (c) van alle opdragte deur die raad gegee; en
- (d) van alle besluite en handelinge op vergaderings van die direkteure en komitees van direkteure.

4. Die raad moet sodanige rekeningboeke laat hou soos nodig is om 'n ware en korrekte weergawe van die stand van die Korporasie se sake en die transaksies en finansiële posisie van die besigheid van die Korporasie te gee, met inbegrip van boeke wat die geldte ontvang en uitgegee deur die Korporasie, en bates, krediete en laste van die Korporasie aantoon. Die rekeningboeke moet in die hoofkantoor van die Korporasie bewaar word en op so 'n plek of plekke as die raad goedvind, en moet altyd ter insae van die Administrateur of sy gemagtigde, of die direkteure, beskikbaar wees.

## AMPTELIKE SEËL EN GEBRUIK DAARVAN.

12. (1) Indien die raad besluit om 'n amptelike seël te gebruik, word die Korporasie voorsien van so 'n amptelike seël waarop sy naam in beide amptelike tale in leesbare letters gegraveer is. Die amptelike seël van die Korporasie word nie aan enige dokument geheg nie behalwe op magtiging van 'n besluit van die raad en in die teenwoordigheid van minstens een (1) direkteur en die besturende direkteur of hoofbestuurder of sodanige ander persoon wat deur die raad vir die doel aangestel is; die direkteur en die besturende direkteur of hoofbestuurder of die ander voornoemde persoon moet elke dokument waaraan die seël van die Korporasie geheg word, in hulle teenwoordigheid onderteken.

(2) Die raad moet voorsiening maak vir die veilige bewaring van die amptelike seël.

## OPMAAK EN VOORLEGGING VAN JAARLIKSE BALANSSTATE-, WINS-EN-VERLIESREKENINGS EN VERSLAE VAN DIE RAAD T.O.V. SUIDWES-AFRIKA.

13. Die verslag van die Raad, die wins-en-verliesrekening en die balansstaat wat kragtens artikel 21 (1) van die hoofwet voorgelê staan te word moet afsonderlike state ten opsigte van die Korporasie se bedrywighede in die Gebied bevat.

## BESTELLING VAN KENNISGEWINGS.

14. Kennisgewings van die Korporasie aan 'n direkteur kan geskied óf persoonlik óf deur dit per pos te stuur in 'n gefrankeerde omslag gerig aan die geregistreerde adres van die direkteur. As kennisgewings per pos geskied, word hulle geag bestel te wees op die tyd waarop hulle in die gewone loop van die posdiens afgeliever sou gewees het, en om te bewys dat die kennisgewing per pos gedoen is, is dit voldoende om te bewys dat die gefrankeerde brief wat die kennisgewing bevat het, behoorlik geadresseer en gepos is.

## KEEPING OF RECORDS, MINUTES AND BOOKS OF ACCOUNT.

11. (1) The Corporation shall keep at its head office a register of directors in which the date of appointment of each director, his full name, his ordinary residential and business addresses and his occupation shall be recorded.

Whenever a director ceases to be a director of the Corporation the date on which he so ceases to be a director shall as soon as possible thereafter be recorded in the register concerned.

(2) Every director present at any meeting of directors shall sign his name in a book kept for the purpose.

(3) The board shall cause written records to be kept in books provided for the purpose —

- (a) of the names of directors present at each meeting of directors and of each committee of directors;
- (b) of all appointments of officers and employees made by the board;
- (c) of all instructions given by the board; and
- (d) of all resolutions and proceedings at meetings of the directors and committees of directors.

(4) The board shall cause such books of account to be kept as are necessary to give a true and correct record of the state of the Corporation's affairs and the transactions and financial position of the business of the Corporation, including books showing the moneys received and expended by the Corporation and assets, credits and liabilities of the Corporation. The books of account shall be kept in the head office of the Corporation and at such place or places as the board thinks fit and shall always be open to the inspection of the Administrator or any person duly authorised by him or the directors.

## OFFICIAL SEAL AND USE THEREOF.

12. (1) If the board decides to use the official seal, the Corporation shall be provided with such an official seal on which its name is engraved in legible characters in both official languages. The official seal of the Corporation shall not be affixed to any document except when authorised by a resolution of the board and in the presence of at least one (1) director and the managing director or general manager, or such other person as may be appointed by the board for the purpose; the director and the managing director or general manager or the other aforesaid person shall in their presence sign every document to which the seal of the Corporation is affixed.

(2) The board shall make provision for the safe-keeping of the official seal.

## PREPARATION AND SUBMISSION OF ANNUAL BALANCE SHEETS, PROFIT AND LOSS ACCOUNTS AND REPORTS OF THE BOARD IN RESPECT OF SOUTH WEST AFRICA.

13. The report of the board, the profit and loss account and the balance sheet to be submitted under section 21 (1) of the principal act shall contain separate statements in respect of the Corporation's activities in the Territory.

## SERVICE OF NOTICES.

14. Notices of the Corporation to a director may be given either personally or by sending them through the post in a pre-paid cover addressed to the director at his registered address. Notices given by post shall be deemed to have been served at the time when they would have been delivered in the ordinary course of the postal service and in proving the giving of the notice by post it shall be sufficient to prove that the franked letter containing the notice was properly addressed and duly posted.